Moontlike Antwoorde Feb/Mar 2005

101-1/3 W

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG

## KREATIEWE SKRYFWERK (40)

### TAAL EN STYL

| INHOUD | PUIK | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | ONDER-GEMIDDELD | SWAK | BEROERD |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| RYK | 40 | 36 | 32 | 28 | 24 | 20 | 16 |
| BAIE GOED | 39 | 35 | 31 | 27 | 23 | 19 | 15 |
| GOED | 37 | 33 | 29 | 25 | 21 | 17 | 13 |
| ALLEDAAGS | 35 | 31 | 27 | 23 | 19 | 15 | 11 |
| ONDERGEM | 33 | 29 | 25 | 21 | 17 | 13 | 9 |
| ARM | 32 | 28 | 24 | 20 | 16 | 12 | 8 |
| MISGETAS | 31 | 27 | 23 | 19 | 15 | 11 | 7 |

## FUNKSIONELE

## SKAAL VIR KORTER OPDRAG (20)

## TAAL & STYL

INHOUD

| | PUIK | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | ONDER-GEMIDDELD | SWAK | BEROERD |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| RYK | 20 | 19 | 18 | 16 | 14 | 12 | 11 |
| BAIE GOED | 19 | 18 | 16 | 14 | 12 | 11 | 9 |
| GOED | 18 | 16 | 14 | 12 | 11 | 9 | 8 |
| ALLEDAAGS | 16 | 14 | 12 | 11 | 9 | 8 | 6 |
| ONDERGEM | 14 | 12 | 11 | 9 | 8 | 6 | 5 |
| ARM | 12 | 11 | 9 | 8 | 6 | 5 | 3 |
| MISGETAS | 11 | 9 | 8 | 6 | 5 | 3 | 2 |

## TAAKAANDUIDERS

| ASSESSERINGSKRITERIA | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **INHOUD: 40%** | | | |
| | **VLAK 1 [4]** | **VLAK 2 [3]** | **VLAK 3 [2]** | **VLAK 4 [1]** |
| | Besondere onderwerpsiening. Gepaste, relevante inhoud. 'n Afgeronde geheel met sterk oortuigingskrag. Werklik voortreflik. | Vanselfsprekender onderwerpsiening. Gepaste inhoud. 'n Goeie geheel met oortuigingskrag | Onoortuigende onderwerpsiening. Verbrokkelende inhoud. 'n Bevredigende geheel. | Onderwerp nie ter sake [misgetas]. Onoorspronklik en onsamehangend. Neem geen standpunt in nie. Samevoeging van niksseggende gedagtes. 'n Onbevredigende geheel. |
| | **TAAL EN STYL: 60%** | | | |
| | **VLAK 1 [3]** | **VLAK 2 [2]** | **VLAK 3 [1]** | **VLAK 4 [½]** |
| | **TAAL VERONDERSTEL HIER UITDRUKKINGSVERMOË, TAALGEBRUIK, TAALKENNIS, WOORDESKAT, TOONAARD, SPELLING EN PUNKTUASIE** | | | |
| | Besonder toepaslik<br>Geanuanseerd<br>Gevarieerd<br>Ryk<br>[Byna] foutloos | Toepaslik<br>Korrek<br>Bo-gemiddeld<br>Enkele foute kom voor | Alledaags<br>Oorbekend<br>Hinderlike/herhalende foute | Lomp<br>Beperk<br>Onbeholpe<br>Baie foute |
| | ***STYL VERONDERSTEL HIER DIE KORREKTE VORM VIR DIE GEKOSE SKRYFSTUK, DIE REGTE REGISTER, SINSKONSTRUKSIE EN PARAGRAFERING EN DIE NAKOMING VAN GESTELDE LENGTEVEREISTES** | | | |
| | Konvensies word nagekom<br>Vloeiend<br>Gemaklik<br>Oorspronklik<br>Gestruktureerd<br>Deurleefd<br>[Byna] foutloos<br>Uitstekend | Steeds sensitief vir konvensies, maar minder suksesvol<br>Vloeiend<br>Klinies korrek, sonder deurleefdheid<br>Goed<br>Enkele foute kom voor | Onsensitief vir konvensies<br>Gewoon<br>Willekeurig<br>Verontagsaming van lengtevereistes | Konvensies ontbreek<br>Omslagtig<br>Onvanpas<br>Onbevredigend<br>Growwe verontagsaming van lengtevereistes |

## VERKORTE MEMORANDUM

| | RYK | BAIE GOED | GOED | ALLEDAAGS | ONDERGEMIDDELD | ARM | MISGETAS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | 1. Buitengewone, oorspronklike interpretasie van onderwerp.<br>2. Besondere konsentrasie op onderwerp.<br>3. Briljante sintuiglike waarneming en meelewing<br>4. Duidelik-omlynde sentrale tema.<br>5. Duidelike progressie.<br>6. Opstel vorm 'n afgeronde geheel<br>7. Sterk oortuiging | 1. Interessante oorspronklike, onderwerpvertolking.<br>2. Konsentrasie, maar geringe afdwaling.<br>3. Paragrawe nie meer heg verbind nie.<br>4. Besondere sintuigwaarneming.<br>5. Sentrale tema: omlyning minder duidelik.<br>6. Mindere progressie.<br>7. Afgeronde eenheid.<br>8. Oortuigingskrag steeds sterk. | 1. Vanselfsprekende onderwerpsiening.<br>2. Onderwerpgerig: konsentrasie ontbreek<br>3. Sentrale tema - sporadies.<br>4. Progressie fragmentaries.<br>5. Sintuiglike waarneming: meer algemeenhede.<br>6. Bevredigende afgeronde eenheid.<br>7. Bevredigende oortuigingskrag. | 1. Geen spesifieke siening van onderwerp<br>2. Konsentrasie verbrokkel: afdwaling.<br>3. Geen opvallende sentrale tema.<br>4. Progressie - min<br>5. Doodgewone waarneming: geen treffende siening nie.<br>6. Paragraafskakeling ontbreek: eenheid gaan effe verlore.<br>7. Argumente bietjie onoortuigend. | 1. Siening, inhoud slegs plek-plek ter sprake.<br>2. Konsentrasie: aanbieding grootliks onsamehangend.<br>3. Sentrale tema ontbreek.<br>4. Geen progressie: patroon staties.<br>5. Beskrywing en waarneming vaag en kleurloos.<br>6. Skakeling: paragraafbou verbrokkel.<br>7. Lengte verontagsaam. | 1. Onderwerp nie ter sake - geen insig.<br>2. Oppervlakkig - 'n doellose geklets.<br>3. Geen tema: patroon ontbreek.<br>4. Onoorspronklik.<br>5. Gedagtes los en sonder verband.<br>6. Growwe verontagsaming van lengte. | 1. Inhoud niks te make met onderwerp<br>2. Deurmekaarsameflansing van niksseggende gedagtes.<br>3. Growwe verontagsaming van lengte.<br>4. Besliste druipeling. |
| | **PUIK** | **BAIE GOED** | **GOED** | **GEMIDDELD** | **ONDERGEMIDDELD** | **SWAK** | **BEROERD** |
| **TAAL EN STYL** | 1. Ryk oorspronklike beelde - funksioneel.<br>2. Afr. idioom uitnemend aangebied - oorspronklik.<br>3. Taal deurleef en goed genuanseerd.<br>4. Buitengewone taalaanvoeling: oorspronklike sinsbou.<br>5. Gebruik leestekens as uitdrukkingsmiddel.<br>6. Alle taalmiddele dra by tot gebalanseerde geheel: maak opstel briljant. | 1. Taal beeldryk (funksioneel) of nugter (konkreet).<br>2. Idioom, taal : funksioneel.<br>3. Taal grootliks oorspronklik: woordeskat getuig van breë taalkennis.<br>4. Korrekte paragrafering, sinsbou, punktuasies: natuurlikheid ontbreek<br>5. Styl vloeiend: oorspronklikheid ontbreek bietjie.<br>6. Taal klinies korrek maar kort deurleefdheid. | 1. Beperkte beeldende of nugter taalgebruik: skemer net soms deur.<br>2. Idiomatiese taal onbevredigend.<br>3. Oorspronklike taalgebruik beperk, maar taal steeds bogemiddeld.<br>4. Paragrafering, sinsbou, punktuasie toon foute: spelfoute kom voor.<br>5. Weinig sprake van eie styl: skryf korrek soos geleer.<br>6. Goeie opstel, maar sonder aanvoeling en deurlewing. | 1. Nie werklike beelde of nugter taalgebruik nie: wat gebruik word is oorbekend.<br>2. Meer vaaghede in formulering - soms onbeholpe.<br>3. Onoorspronklike taalgebruik.<br>4. Anglisismes: foutiewe woordkeuse.<br>5. Paragrafering willekeurig: hegte bou ontbreek: herhaling van gedagtes.<br>6. Foute t.o.v. punktuasie, sinsbou, woordorde: onvoltooide sinne.<br>7. Alledaagse skryfstyl: skryftegnieke ontbreek of oordryf. | 1, Uitdrukkingsvermoë lomp en vaag: geen beeldspraak en stylfigure: negs afgesaagdes<br>2. Verbeeldingslose taal beperkte woordeskat.<br>3. Paragrafering foutief: sinsfoute algemeen en punktuasie terloops: beperkte gebruik van leestekens<br>4. Styl omslagtig en onbeholpte<br>5. Baie spelfoute.<br>6. Toenemende anglisistiese inslag. | 1. Kan nie gedagtes oordra nie.<br>2. Taal lomp, onbeholpe, beperk.<br>3. Baie spelfoute: min eenheid<br>4. Skryftegnieke verkeerd.<br>5. Algemene foute.<br>6. Druip. | 1. Idioom lomp en onbeholpe.<br>2. Geen skryfgegniek..<br>3. Baie foute.<br>4. Geen struktuur.<br>5. Volslae druip. |

| | RYK | BAIE GOED | GOED | ALLEDAAGS | ONDERGEMIDDELD | ARM | MISGETAS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 1. Buitengewone, oorspronklike interpretasie van onderwerp.<br>2. Besondere konsentrasie op onderwerp.<br>3. Briljante sintuiglike waarneming en meelewing<br>4. Duidelik-omlynde sentrale tema.<br>5. Duidelike progressie.<br>6. Werk vorm 'n afgeronde geheel.<br>7. Sterk oortuiging<br>8. Baie feite. | 1. Interessante oorspronklike, onderwerpvertolking.<br>2. Konsentrasie, maar geringe afdwaling.<br>3. Paragrawe nie meer heg verbind nie.<br>4. Besondere sintuigwaarneming.<br>5. Sentrale tema: omlyning minder duidelik.<br>6. Mindere progressie.<br>7. Afgeronde eenheid.<br>8. Oortuigingskrag steeds sterk. | 1. Vanselfsprekende onderwerpsiening.<br>2. Onderwerpgerig: konsentrasie ontbreek<br>3. Sentrale tema - sporadies.<br>4. Progressie fragmentaries.<br>5. Sintuiglike waarneming: meer algemeenhede.<br>6. Bevredigende afgeronde eenheid.<br>7. Bevredigende oortuigingskrag. | 1. Geen spesifieke siening van onderwerp<br>2. Konsentrasie verbrokkel: afdwaling.<br>3. Geen opvallende sentrale tema.<br>4. Progressie - min<br>5. Doodgewone waarneming: geen treffende siening nie.<br>6. Paragraafskakeling ontbreek: eenheid gaan effe verlore.<br>7. Argumente bietjie onoortuigend.<br>8. Vaaghede is kenmerkend | 1. Siening, inhoud slegs plek-plek ter sprake.<br>2. Konsentrasie: aanbieding grootliks onsamehangend.<br>3. Sentrale tema ontbreek.<br>4. Geen progressie: patroon staties.<br>5. Beskrywing en waarneming vaag en kleurloos.<br>6. Skakeling: paragraafbou verbrokkel.<br>7. Lengte verontagsaam. | 1. Onderwerp nie ter sake - geen insig.<br>2. Oppervlakkig - 'n doellose geklets.<br>3. Geen tema: patroon ontbreek.<br>4. Onoorspronklik.<br>5. Gedagtes los en sonder verband.<br>6. Growwe verontagsaming van lengte. | 1. Inhoud niks te make met onderwerp<br>2. Deurmekaarsameflansing van niksseggende gedagtes.<br>3. Growwe verontagsaming van lengte.<br>4. Besliste druipeling. |
| | PUIK | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | ONDERGEMIDDELD | SWAK | BEROERD |
| TAAL EN STYL | 1. Ryk, funksionele taal.<br>2. Taal deurleef en goed genuanseerd.<br>3. Buitengewone taalaanvoeling: oorspronklike sinsbou.<br>4. Gebruik leestekens as uitdrukkingsmiddel.<br>5. Alle taalmiddele dra by tot gebalanseerde geheel: maak opstel briljant. | 1. Taal funksioneel of nugter (konkreet)<br>2. Taal grootliks oorspronklik: woordeskat getuig van breë taalkennis.<br>3. Korrekte paragrafering, sinsbou, punktuasies: natuurlikheid ontbreek<br>4. Styl vloeiend: oorspronklikheid ontbreek bietjie.<br>5. Taal klinies korrek maar kort deurleefdheid. | 1. Oorspronklike taalgebruik beperk, maar taal steeds bogemiddeld<br>3. Oorspronklike taalgebruik beperk, maar taal steeds bogemiddeld.<br>4. Weinig sprake van eie styl: skryf korrek soos geleer.<br>6. Goeie opstel, maar sonder aanvoeling en deurlewing. | 1. Meer vaaghede in formulering - soms onbeholpe.<br>2. Onoorspronklike taalgebruik.<br>3. Anglisismes: foutiewe woordkeuse.<br>4. Paragrafering willekeurig: hegte bou ontbreek: herhaling van gedagtes.<br>5. Foute t.o.v. punktuasie, sinsbou, woordorde: onvoltooide sinne.<br>6. Alledaagse skryfstyl: skryftegnieke ontbreek of oordryf. | 1, Uitdrukkingsvermoë lomp en vaag.<br>2. Verbeeldingslose taal beperkte woordeskat.<br>3. Paragrafering foutief: sinsfoute algemeen en punktuasie terloops: beperkte gebruik van leestekens<br>4. Styl omslagtig en onbeholpte<br>5. Baie spelfoute.<br>6. Toenemende anglisistiese inslag. | 1. Kan nie gedagtes oordra nie.<br>2. Taal lomp, onbeholpe, beperk.<br>3. Baie spelfoute: min eenheid<br>4. Telegramstyl.<br>5. Skryftegnieke verkeerd.<br>6. Algemene foute.<br>7. Druip. | 1. Geen skryftegniek<br>2. Geweldig baie foute.<br>3. Geen struktuur.<br>4. Volslae druip. |

# AFDELING C
LETTERKUNDE

## VRAAG 4
## KONTEKSTUELE VRAAG: *BOEKET*

4.1 'n Ryk edelman (1)

4.2 Die herbergier het sy been afgesit, (1)
dit gebraai en aan die gaste voorgesit. (1)

4.3.1 Skok (1)

4.3.2 Hy besef dat die herbergier sy eie been vir ete voorgesit het. (1)

4.4 Sy aangename vleisgeregte (1)

4.5.1 'n Mislukte graanoes (1)

4.5.2 Die herberg was stil en donker. (1)
Die heerlike kosgeure was vervang met suur stank. (1)
Hy was maer en bleek en eensaam. (1)

4.6 Om mense te onthaal was vir hom 'n saak van eer en (1)
hy sou alles daarvoor opoffer (selfs sy eie been). (1)

4.7 Die hofdienaar se reaksie (raak krytwit) (1)
toe hy die herbergier se houtbeen sien (1)

4.8.1 eksentriek / buitengewoon / vreemdsoortig (1)

4.8.2 Sy passie / houding / optrede (1)
teenoor voedsel en mense onthaal (1)

4.9 Hy sterf kort daarna. (1)

4.10 Ja (1)
Die herbergier het mensvleis aan sy gaste opgedis. (1)

4.11 Hy was buitengewoon sterk.
Hy wou beroemd wees / met respek bejeën word.
Hy was ambisieus. (Enige twee) (2)

4.12 Die mier sterf in die suikerklont. (1)
Die suikerklont verdwyn met die smeltende sneeu. (1)

4.13 Roem is kortstondig (1)
En vernietigend / sinloos (1)

4.14 Sy vasberadenheid (1)

4.15 Wind / reën / ywerige miere (Enige een) (1)

4.16 Ja
Sy vasberadenheid maak van hom 'n held.

OF

Nee
Hy doen iets totaal waardeloos/sinloos. (2)
**[30]**

**OF**

## VRAAG 5
## PARAGRAAFTIPE VRAE: *BOEKET*

5.1 Die herbergier van Pidalgo was 'n eksentrieke persoon. Hy het sy eer daaruit gemaak om sy gaste op die allerbeste manier te onthaal. Nooit en in geen opsig was hy uit op winsbejag nie. Ryk was hy nie, want daar word van "de kleine woning" waar hy saam met sy vrou gewoon het, melding gemaak. Die heerlikste voedsel en drank is berei. As sy gaste ekstra lekker eet, was hulle genot beloning genoeg en het hy geweier om hulle te laat betaal.

Na 'n mislukte graanoes kom daar hongersnood. Daar was nie meer graan vir die meule om te maal nie en die slagters moes hulle werksaamhede staak. Slegs in die herberg van Pidalgo het die kookvure nog gebrand. "zolang er nog vlees in huis was, zette de waard zijn befaamde schotels voor." Uiteindelik egter moes ook hy sy werksaamhede staak. Geen rook het meer uit die skoorstene gekom nie en die vrolike geklets van die "koks en meisjes", sy vroeëre personeel, was vir altyd stil. Die herberg wat eens 'n onverwoesbare reputasie gehad het, is nou stil en donker. Die heerlike kosgeure word vervang met 'n suur vogtige stank. Dit was veral tragies om die herbergier self te sien. Hy was maer en bleek en eensaam. Omdat hy nie meer kon onthaal nie, het sy lewe ook nie meer sin gemaak nie. Die hele dag sit hy maar voor die deur van sy huis "als een veroordeelde, een schuldige".

Toe opeens kom daar 'n verandering. 'n Ryk edelman kom na die beroemde herbergier in die vertroue dat hy met 'n tiental besonder spesiale gaste 'n feesmaal daar sal kan nuttig. Hy beloof toe om die onmoontlike te doen en 'n ete voor te sit. Vir die sewe daaropvolgende dae was die herberg gesluit en die herbergier het nie te voorskyn gekom nie. Op die sewende dag het die skoorsteen begin rook en die heerlikste braaigeure het die lug gevul. Toe die gaste arriveer, is hul stoutste verwagtings oortref. Die etenstafel was mooier as ooit gedek. Fyn groen blaarversierings en brandende kerse versier die spierwit tafel. Die koningsmaal is reeds opgedis en die herbergier sit aan die hoof van die tafel.

Maar nou kom die skok. Toe een van die hofdienaars buk om die hertog se servetring onder die tafel op te tel, kom hy krytwit orent. Nou weet hy waarom die herbergier nie kan opstaan nie. Onder die tafel het hy die herbergier se houtbeen gesien. Nou kan die edelman verstaan wat die offer was wat die herbergier gebring het. Hy het sy eie been afgesit, dit gebraai en vir sy gaste voorgesit. (20)

5.2 Die waarheid wat vir die mier vasstaan is dat roem die hoogste goed is. Die mier het hom een oggend op die stoeptrappies van die hooggeregshof teen 'n groot suikerklont vasgeloop. Toe weet hy dit is sy lewenstaak hierdie: dit is sy pad na roem. Hierdie stuk suiker moet êrens heen gestoot word. Buite die stad was die grootste miershoop ter wêreld – en al daardie miere sou sien wat 'n mier werklik kan vermag.

Toe hy uiteindelik sy bestemming bereik en die miere met groot belangstelling hom inwag, gebeur daar heeltemal niks nie. Die mier bly in die suikerklont. Dit word sy graf want binne dae sterf hy en die suikerklont verdwyn in 'n sneeustorm.

Die mier het 'n reusetaak aangepak, maar in die uitvoering daarvan het hy homself vernietig. Aan die einde het daar niks van hom oorgebly nie, selfs nie van sy obsessie om beroemd te word nie.

(Kandidate moet hier die insigte waartoe hulle kom, aandui.)
Moontlikhede: om roem na te jaag is waardeloos /
of
Mense het helde nodig/... (10)
**[30]**

**OF**

**VRAAG 6**
**KONTEKSTUELE VRAAG: *VERLORE PARADYSE***

6.1 Ouboet glo onvoorwaardelik aan sy pa maar dis juis sy pa wat hom as 'n oorlas beskou. (1)

6.2 Om vir Ouboet die waarheid te vertel / om nie voort te gaan met die slaaptydstorie nie. (1)

6.3 bekommernis / geen medelye / geen jammerte (1)

6.4 Hy (Ouboet) is die oorsaak van die verteller se angs, (1)
maar hy is onbewus daarvan. (1)

6.5 Die verteller moet in 'n stadium die waarheid aan Ouboet vertel (1)
omtrent sy vader en ma en homself. (1)

6.6 "Daardie aand moes ek weer die storie vertel" (1)

6.7 Ouboet wou elke aand die storie hoor.
Hy raak gewelddadig as hy dit nie hoor nie.
Hy het sy vader se terugkoms gevrees. (2)

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.8 | "Die kerk se horlosie antwoord" | | (1) |
| 6.9 | Die doodstyding | | (1) |
| 6.10.1 | "onkruid uit die grond"<br>"die stoep se barste"<br>"verwaarloosde tuintjie"<br>"koppe van grashalms en sydistels" | (Enige twee) | (2) |
| 6.10.2 | Die agteruitgang van die werf / Die vrou se geestelike agteruitgang. | | (1) |
| 6.11 | Sy onttrek haarself aan die waarheid. | | (1) |
| 6.12 | Die gelukkige samesyn met haar seun | | (1) |
| 6.13 | "hartseer" | | (1) |
| 6.14 | Ja<br>Die moeder is selde hartseer / sy twyfel nooit / elke keer gebeur daar iets / Hy is dood. | | (1)<br>(1) |
| 6.15 | Dok Gryspiet het haar 'n inspuiting gegee nou slaap sy | | (2) |
| 6.16 | Meegevoel / hartseer | | (1) |
| 6.17 | Beklemtoon dat hy smeek / pleit | | (1) |
| 6.18 | Die streektaal / hul omgangstaal / gebruikstaal | | (1) |
| 6.19 | Dis streektaal / Dis gevaarlik om buite seisoen kreef te vang / om die werklikheid te verbloem. | (Enige een) | (1) |
| 6.20 | Hy sou sukkel / Hy sou die bakkie "omneuk" / hy sou geen skerpioen vang nie / die see is woes. | (Enige twee) | (2) |
| 6.21 | Dis 'n liefdesdaad.<br>Die vervulling van 'n wens vir 'n sterwende moeder. | | (1)<br>(1)<br>**[30]** |

**OF**

## VRAAG 7
## PARAGRAAFTIPE VRAE: *VERLORE PARADYSE*

7.1 Die wete dat sy ma sterf is vir Frannie 'n groot skok. Toe hy haar vir die eerste keer in 'n lang tyd sien, weet hy dat sy nie weer uit haar siekbed gaan opstaan nie. Hierdie wete is vir hom geweldig vreemd en hy kan dit aanvanklik nie verwerk nie. Dié vreemde omstandighede maak dat hy soos 'n vreemdeling in die huis voel. Die huis ruik en voel na dood en selfs sy kamer voel soos 'n vreemdeling s'n. Sy eerste dag tuis slaap hy ook nie lekker nie.

Frannie wil sy ma in haar omstandighede graag help, daarom maak hy hierdie belofte aan haar om vir haar kreef te bring, al is dit hoe gevaarlik. Al is hy nie 'n seemens nie, is hy bereid om vir haar 'n stukkie "paradys" te bring en haar lewe vir 'n laaste maal aangenaam te maak.

Frannie se pa is besonder trots. Wanneer Frannie vra dat hulle vir sy ma 'n kreef moet koop, weier hy. Hy meen geen Skulpbaaier koop 'n skerpioen nie. Dan besluit sy pa om sélf te gaan; Frannie moet net kyk dat Stenekamp die kreefspietkop hom nie stilletjies bekruip nie. Dié nag wag Frannie in die donker en koue op die rotse vir sy pa tot sy pa te voorskyn kom met vier groot krewe.

Die risiko wat Frannie en sy pa geloop het, is 'n bewys van hul liefde vir hul sterwende ma en vrou; en hulle slaag daarin om nie net vir haar nie, maar ook vir hul gesin 'n stukkie paradys te skep.

(Kandidate se eie mening oor hul wetsoortreding)
Moontlikhede: Ja. Frannie en sy pa het geweet sy sal nie meer teen Kersfees lewe nie/...
Nee. Daar is geen regverdiging vir die oortreding van landswette nie. (15)

7.2 In ***Die Invloed*** is Hilda 'n geswore landmens wat die see haat. Haar wrok teenoor die see word vir haar 'n allesoorheersende obsessie en sy neem haar voor dat sy nooit haar dogter aan die see sal afstaan nie. Die werklike tragiese begin met Hilda se besef dat die verhouding tussen Wenning ('n seemens) en Milla ernstig is. Sy konfronteer Wenning om die invloed deur te swem as bewys van sy liefde. Hy verdrink. Milla besmeer haarself met bloed en gaan ook die water in. Sy verdrink. So word die twee verliefdes in die dood verenig. Hilda het nou nie net haar man aan die see afgestaan nie, maar sy bevind haar nou in 'n dubbele tragedie deurdat Milla en Wenning sterf.

Aan die begin van die verhaal maak die ma in ***Terugkeer van 'n Soldaat*** doodluiters gereed om haar soldateseun by die stasie te gaan haal as hy terugkeer van 'n oorlog. Dis slegs later dat die werklikheid deur die ek – verteller opgeroep word. Hy is 150 weke gelede al dood, maar sy ma weier om sy dood te aanvaar en bly voortleef in haar droomwêreld. Die slot suggereer dat die moeder vasgevang sal bly in haar eie droomwêreld waaruit sy nie wil (of kan) ontsnap nie.

In ***Slaaptydstorie*** vertel die verteller 'n slaaptydstorie aan sy ouboet. In hierdie slaaptydstorie word die verteller en Ouboet se ouers fiktiewelik verheerlik. Ouboet hou van die storie en die verteller word gedwing om dit elke aand oor te vertel. Een aand probeer die verteller die waarheid aan Ouboet vertel dat hy 'n veertigjarige idioot is, hulle ma het selfmoord gepleeg en hulle pa is 'n alkoholis. Ouboet raak woedend en omdat die verteller bang was vir Ouboet, vertel hy maar weer die leuen / storie. Die aand vlug hy weg van Ouboet en dis onduidelik aan die einde of die verteller na Ouboet sal terugkeer. Die verteller is moeg vir die leuen en moeg vir Ouboet wat nie die realiteit wil erken nie.

Kandidate se eie mening word hier verwag.
Moontlikhede:- Hilda kon probeer om haar houding teenoor Wenning te verander/

- Die verteller kon meer doen/...

- Die verteller moes nie toelaat dat Ouboet kom intimideer nie/... (15)

**[30]**

## AFRIKAANS EERSTE TAAL HG EN SG

## NASIENTABEL VIR LANGER OPDRAGTE
## LITERATUURSTUDIE VRAESTEL 2

TAAL EN STYL

INHOUD

| 20<br>15<br>10 | SKITTEREND | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | REDELIK | SWAK | BAIE SWAK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| RYK | 20<br>15<br>10 | 19<br>14<br>9 | 18<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>7 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 |
| VOLLEDIG | 18<br>14<br>9 | 17<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 |
| GOED | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>8 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 |
| GEMIDDELD | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>4<br>3 |
| ONDERGEMIDDELD | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 |
| SKRAAL | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>5<br>3 | 5<br>4<br>3 | 4<br>3<br>2 | 2<br>1<br>1 |
| ARM | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 | 3<br>2<br>2 | 2<br>2<br>1 | 1<br>1<br>0 |

INHOUD

A. RYK (R)

1. Besondere insig
2. Sterk oortuigingskrag
3. Uitstekend inhoud-beheer
4. Deeglike begrip en interpretasie
5. Interessante, sistematiese en logiese beplanning
6. Vraag en antwoord sluit
7. Vraag voortdurend in fokus

B. VOLLEDIG (V)

1. Besondere insig
2. Oortuigingskrag baie goed
3. Inhoud weldeurdag
4. Duidelike begrip en interpretasie
5. Interessante, logiese beplanning
6. Enkele inhoudsgedeeltes ontbreek
7. Vraag en antwoord sluit
8. Vraag in fokus

C. GOED (GO)

1. Meer gebreke
2. Oortuig minder
3. Feite nie volledig nie
4. Aanbieding plek-plek nie logies nie
5. Vraag en antwoord sluit plek-plek nie
6. Vraag nie voortdurend in fokus nie.

D. GEMIDDELD (GE)

1. Baie gebreke
2. Oortuig soms glad nie
3. Helfte van feite
4. Belangrike feite ontbreek
5. Interpretasie gewoon
6. Aanbieding nie logies nie
7. Vraag en antword sluit dikwels nie

E. ONDERGEMIDDELD (OG)

1. Baie meer gebreke
2. Oortuig gedeeltelik
3. Belangrike feite weggelaat
4. Interpretasie oortuig nie
5. Aanbieding lomp
6. Vraag en antwoord sluit hier en daar
7. Vraag net in enkele gevalle in focus

F. SKRAAL (SK)

1. Kandidate drup
2. Vol gebreke
3. Oortuig glad nie
4. Geen insig nie
5. Onbelangrike feite oorheersend
6. Interpretasie swak
7. Aanbieding deurgaans lomp
8. Vraag en antwoord sluit glad nie

G. ARM (A)

1. Druip ver
2. Geen insig
3. Weinig kennis
4. Interpretasie
5. Aanbieding onlogies en verward
6. Vraag glad nie beantwoord nie

TAAL EN STYL

1. SKITTEREND (S)

1. Korrekte, funksionele lees- en skryftekengebruik
2. Korrekte, funksionele gebruik van literêre terminologie
3. Oorspronklike taal en styl
4. Afrikaanse idioom
5. Keurige taalaanwending

2. BAIE GOED (BG)

1. Klein gebreke in lees- en skryftekengebruik
2. Goeie styl
3. Keurige taalaanwending - klein foutjies

3. GOED (GO)

1. Meer gebreke t.o.v. lees- en skryftekengebruik
2. Taal en styl begin lomp vertoon
3. Taalaanwending toon tekens van slordigheid

4. GEMIDDELD (GE)

1. Nog meer gebreke t.o.v. lees en skryftekengebruik
2. Taal en styl vertoon lomp
3. Taalaanwending is slordig

5. REDELIK (RE)

1. Emstige gebreke t.o.v. lees- en skryftekengebruik
2. Sinsbou swak
3. Taalaanwending slordig
4. Slaag soms net

6. SWAK (SW)

1. Skryf- en leestekengebruik beroerd
2. Sinsbou swak
3. Taalaanwending slordig

7. BAIE SWAK (BS)

1. Kennis in gebruik van skryf- en leestekengebruik bestaan nie
2. Taalgebruik uiters swak